# 9 Augustus 2023 - Lesing 95 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Met die maat waarmee julle gee, sal julle ontvang – 8/1/59

**NO: 7249** Julle sal 'n goeie maat ontvang. Die maat wat julle aan julle naaste gee, sal die maat wees wat julle weer ontvang, volgens My belofte. My Liefde wil voortdurend gee en julle gelukkig maak, My Liefde wil julle in oorvloed onderhou, **maar Liefde kan net by liefde aansluit,** daarom wanneer Ek julle gelukkig wil maak, moet julle dieselfde doen, **julle moet wil om die mense in julle omgewing gelukkig te maak**, wie julle liefde aanvaar.

Ek kan nie liefde gee aan 'n persoon met 'n hart van klip nie, wie nie liefdevol besig is en dus nie liefde verdien of self nie gelukkig wil wees nie. Maar waar Ek ookal liefde herken, gee Ek liefde sonder beperking en My gawes is werklik nie gering nie.

En as Ek dan die poging sien wat My kinders maak om mekaar gelukkig te maak, as Ek sien dat hulle probeer om swaarkry te verlig, dat hulle bereid is om aan 'n behoeftige medemens te gee, dan is Ek ook werklik bereid om 'n vriendelike gewer te beloon, omdat Ek hom liefhet.

**Die maat waarmee julle gee, is die maat wat julle weer sal ontvang**. Maar dit moet nie verstaan word dat julle sulke werke berekend moet doen, sodat julle in ruil kan ontvang nie. **Slegs ware onselfsugtigheid, die aandrang van die hart om gelukkig te maak, is geldig voor My oë**.

En met dieselfde mate sal Ek ook My liefde oor die persoon laat skyn wat slegs uit liefde gee, wat dit ookal mag wees. Alle besittings is ingesluit in hierdie belofte van My, **aardse sowel as geestelike goedere**.

En net so sal Ek ook die gewer beloon op 'n aardse of geestelike wyse. Want beide die naaste, asook die liefdevolle gewende persoon, vereis aardse en geestelike besittings tydens hul aardse lewe, maar **meer aandag moet gegee word aan geestelike besittings**, omdat slegs dit die siel se redding verseker, en enigiemand wat die redding van sy siel eerste stel, hoef nie bekommerd te wees oor die behoud van sy aardse lewe nie.

Ook hier sal hy van My ontvang, afhangende van sy optrede teenoor sy naaste. En so kan julle sonder beperking ontvang, geestelik sowel as aards, indien julle net altyd My belofte sal onthou **"Met die maat waarmee julle gee, sal vir julle gegee word".**

Julle moet nooit vrees dat julle tekort sal gaan as julle julleself ooreis nie. Ek bereken nie die koste nie, Ek gee "ongemeet" aan julle d.w.s. volgens die liefde wat julle oordra met julle gawes. En waarlik, julle sal nie benadeel word nie, selfs wanneer julle afstand sal doen daarvan wat julle moontlik self nodig sal hê. Julle sal nie daarsonder gaan nie en sal in staat wees om weer 'n ryk oes in te bring, want My Liefde ken ook **geen perke** wanneer Sy julle gelukkig wil maak nie.

Om hierdie rede hoef daar geen swaarkry op aarde te gewees het as julle My belofte in gedagte gehou het nie, want julle sal mekaar help en Ek sal julle help, wanneer die behoefte ontstaan.

Maar elkeen wat angstig bereken om homself nie te benadeel deur 'n ander persoon te help nie, sal nie baie seëninge ontvang nie, **want sy liefde en vertroue in My is nog baie klein,** maar nietemin moet Ek beide vereis om in staat te wees om aan hom te gee en om hom gelukkig te maak sonder beperking.

Julle het 'n Vader Wie altyd net vreugde wil bring aan Sy kinders, maar Hy wil hê dat Sy kinders **van dieselfde Gees** moet wees, sodat hulle ook graag gelukkig wil maak en dat alles wat deur 'n kind gedoen word, liefde sal uitdruk.

Dan sal My liefde so duidelik na die kinders gerig word dat dit vreugde sonder maat sal veroorsaak en gee, sodat die kinders hul Vader sal herken in Sy gawes en Hom sal liefhê met so 'n diepe gevoel, **dat dit die kind sal dring na die Vader ten einde vir ewig by Hom aan te sluit**, ten einde Syne te wees en te bly vir alle ewigheid. Amein.